

Die Bloed van Jesus Christus

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: Eng/Afr. B117a

Skriflesing uit: Heb.9:1-28

Kernvers: 12 – ‘ook nie met die bloed van stiere en bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en ‘n ewige verlossing teweeggebring.’

Ons staan op heilige grond – die nagmaal stel voor die bloed van Jesus Christus wat vir ons gestort is en die brood is Sy liggaam wat vir ons gebreek is...

Dit laat my sidder wanneer ek besef daar is ‘n on sienlike wêreld. Vir my is daar geen twyfel dat daar ‘n hemel is, en dat dit ver verwyderd is van enigiets wat vir ons sigbaar is. Maar die tabernakel was ‘n replika van dit wat ewig bestaan: - Alles moes haarfyn uitgevoer word van alles wat aan Moses getoon is op die berg.

Die hemel is ‘n land met ewige dinge en dit is meer werklik as enigiets wat ons ooit kan bedink. God het vir Moses ‘n visie gegee van die dinge in die hemel waarvan hy ‘n replika moes maak.

Toe Maria na die graf toe gegaan het om die liggaam van Jesus te versorg en te gaan ween by die graf en sien dat die graf leeg was, was sy baie ontsteld en sien toe ‘n man daar loop wie sy as die tuinier aangesien het. Sy vra hom toe of hy dalk weet wat hulle met die liggaam van Jesus gedoen het maar dit was Jesus self en hy sê vir haar: ‘Maria!’ en sy het gesê: ‘Raboenni! Want sy het Hom herken.

Hy het haar egter nie toegelaat om Hom aan teraak nie, want Hy moes eers teruggaan na die Vader om Sy bloed aan te bied as versoening vir die sondes.

Ons lees in Heb.10:19 dat ons nou die vrymoedigheid het om deur die bloed van Jesus in die heiligdom van God te kan ingaan en voor Hom te kan staan in die geregtigheid van Jesus, a.g.v hierdie offer! Wat ‘n wonderlike voorreg!